



BLANKES ONTRUIM

Die laaste groepie Britse troepe wat nog in Indië oorgebly het nadat Indië sy vryheid afgepers het, het die land verlede Saterdag ontruim. Hulle is met 'n Australiese boot verskeep. Nie alleen is dit die finale ontruiming van Brittanje se mag in Asië nie, dog ook van die blanke Weste. Maar wat van die Indiërs in Westerse lande?

S.A. INDIËRS UIT MOSKOU BESIEL SE KONGRESLID

Een van die Indiërs wat 'n aktiewe aandeel neem in die lydelike wetsoortreding deur Natalse Indiërs, Manilal Gandhi, seun van wyle Mahatma Gandhi, het Suid-Afrika die afgelope week van 'n baie belangrike stukkie nuus bedien.

VRYHEIDSVLAM BRAND WEER OP AMAJUBA

Soos rooi vingers in die nag het die Vryheidsvlam presies om nege-uur Vrydagaand bo-op Amajuba die lug ingeskiet as versinnebeelding van die Republikeinse gees wat daardie uur dwarsdeur ons vaderland aangevlam het. Na mate dit donkerder geword het, het die vlam helderder en helderder gebrand.

Lede van die Ossewabrandwag uit alle dele van die land was by hierdie volksfees teenwoordig. Reeds vanaf Donderdag het feesgangers per motor opgedaag en gou het 'n aantal wit tente op die terrein gepryk wat laat dink het aan die dae toe die volk in groter getalle luisterrik in die gees van eensgesindheid fees gevier het.

Vrydag was alle belangstelling toegespits op die aankoms van die Kommandant-generaal, dr. Hans van Rensburg. Netjies op-

sewabrandwag te versaa. Deur die ridderlike houding van mnr. Havenga is hierdie toestand bereik en ook op hierdie vleuel is die Ossewabrandwag nou beveilig.

PARTYLOSE STAAT

Waarom dan die hardnekkige stryd vir die behoud van eie identiteit? het die K.G. gevra. Dit is omdat die Ossewabrandwag draer is van toekoms-swanter gedagtes, gedagtes wat geen party kan verwesenlik nie, nl. die Republiek en partylose staat. Partytwiste dreig die Afrikanerdom om vir ewig te skeur. Die Ossewabrandwag strewe na 'n staatsvorm waar daar nie Nat of Sap sal wees nie, maar slegs volksgenote en waar elkeen stem volgens sy beroep en nering.

Intussen besef ons dat ons in 'n partystaat lewe en ons is heeltemal bereid om ons plig te doen waar ons verwelkom word, en daarom staan ons nader aan sommige en verder van ander partye. Ons staan nader aan die Afrikanerparty en sal hulle getrou na die beste van ons vermoë steun met die behoud van ons identiteit, het die K.G. verklaar.

REPUBLIKEINS

Wat die Republiek betref is die O.B. nie 'n stembangende organisasie nie en skuld hy andersdenkendes geen verantwoording soos sommige politici wat tydens verkiesings stil bly oor

die Republiek en luidkeels daarvoor skree as alles verby is nie. Spr. twyfel vir geen enkele oomblik dat daar na die verkiesing weer super-Republikeine sal ontpop nie, maar die Ossewabrandwag loop die konsekwente reguit pad of dit nou oorlog of vrede is, en of daar nou 'n verkiesing aan die gang is of nie.

In die afgelope jaar het die Ossewabrandwag uit sy isolément gebreek en het hy daardeur die gevaarlike toestand beëindig. Ons gaan die toekoms met vertroue tegemoet. Spr. is daarvan oortuig dat die Ossewabrandwag aan die einde van 1948 nog sterker sal staan as aan die einde van verlede jaar. (Vervolg op bladsy 2)

Regering Wil Reën Maak

Die regering het die afgelope paar weke in die geheim proefnemings gedoen om reën kunstmatig te maak. Vliegtuie van die Suid-Afrikaanse lugmag het daaraan deelgeneem. 'n Verklaring sal later uitgereik word.

Die Vlam op die Berg

Rusland Wil Nou Finland Inpalm

Rusland het Finland „uitgeenooi” om met hom 'n vriendskaps- en wedersydse hulpverleningsverdrag aan te gaan. Die nota wat deur Stalin self onderteken is, is Donderdag aan Finland oorhandig en het ten doel om Finland, wat reeds 'n deel van sy grondgebied aan Rusland moes afstaan, volledig binne die Russiese invloedssfeer te betrek. Finland wat aan Rusland grens, kan nie bekostig om hierdie uitnodiging te verwerp nie en kan nog minder openlik toon dat hy by die Weste staan. Die Skandinawiese lande, veral Swede, bescou die nota as 'n aanduiding dat Rusland nader na hul kant toe begin skuif.

Die voorgestelde verdrag sou ongeveer dieselfde wees as wat Rusland en Tsjeggo-Slowakye in 1943 gesluit het. Vandag staan laasgenoemde onder Kommunistiese plak.

IMMIGRANTE IN STAATSDIENS

Die Spoorweë het 26 immigrante van tydelike werk voorsien en 73 van los werk niteenstaande hulle nie aan die vereistes ten opsigte van verblyf in die Unie of tweetaligheid voldoen nie, volgens die Minister van Vervoer in die Volksraad aangekondig het.

Kommuniste Likwideer Teenstanders

Voormalige leiers van die Hongaarse Arbeidsparty (anti-kommuniste) is besig om uit hul vaderland te vlug vanweë 'n Kommunistiese „suiweringsveldtog”.

Inmiddels word berig dat die leier van die Suid-Slawiese Boereparty tot tien jaar tronkstraf veroordeel is. Ander persone is ook skuldig bevind van „same-swerings teen die staat”.

Belangrike Vergadering

deur die

Kommandant-Generaal
in die

Stadsaal, Stellenbosch,
Donderdag, 18 Maart 1948
om 8-uur n.m.

Ander Vryheidsdag- berigte op Bladsy 2

gestelde linies van feesgangers het die K.G. ingewag en die erewag is deur die K.G. geïnspekteer.

K.G.-TOESPRAAK

Die Kommandant-generaal het die aanwesiges gedurende die middag toegesprek en beklemtoon dat as die Ossewabrandwag tien jaar lank die teenstand van almal kon weerstaan, hoef niemand aan sy inherente lewenskrag meer te twyfel nie. Die Beweging was in staat om al die moeilikhede wat in sy pad gelê is, te oorbrug.

In die afgelope jaar het lede die kans gekry waarna hulle ses jaar lank gesoek het, nl. om ook aan die parlementêre front hul Afrikanerplig te doen sonder dat dit nodig is om die Os-

IN RUIL VIR HUL VADERLAND

'n Berig uit Londen lui dat Brittanje teen die einde van aanstaande maand die totale bedrag van £129,800,000 sal bestee het aan vreemde burgers wat nie kan of wil terugkeer na hul land nie. Dit geld hoofsaaklik Pole en verplaasde persone, d.w.s. almal volke wat wel van Duitsland „bevry” is, maar nou nog voorvlugtig is vir die bondgenoot van Brittanje, Sowjet-Rusland.

Teen hierdie reuse-bedrae aan liefdadigheid gaan harde stemme op in Brittanje — wat te begrype is as in aanmerking geneem word dat Engeland reeds honderdduisende lewens en nog meer miljoene ponde bestee het terwille van sy waarborg aan Pole teen aggressie. Aan die ander kant is hierdie bietjie liefdadigheid al wat die landlose Pole van die Britse waarborg ontvang het — nou dat Engeland die oorlog gewen het.

Vasberade Tot Oorwinning

„Wanneer ons hierdie gelofte aflê, bevestig ons opnuut dat ons vasberade is om die Vryheidsstryd nooit gewonne te gee nie, net soos 'n klein handjie vol vasberade Afrikaners op 27 Februarie 1881 deur 'n gelofte aan mekaar, aan hul volk en aan hul God saamgebond was en die vyand die kranse van Amajuba laat afstorm het,” het gebieds-genl. dr. F. du Toit van Zyl, Gebiedsleier van Wes-Kaapland, by geleentheid van Vryheidsdagviering in die Skiereiland verklaar toe hy die betekenis van die feesdag behandel het.

Genl. van Zyl het gesê dat hy die geleentheid gehad het om hierdie feesdag in die Ossewabrandwag in te dra en te plant. Daar is gevoel dat daar 'n feesdag nodig is waar die volk opnuut besiel kan word vir die stryd om die vryheidsideaal te bereik sodat ons kan veg om die koms van die vryheid te verhaas. Dié dag moet ook dien as 'n feesdag waarop ons byvoorbait die vryheid kan vier.

Op hierdie dag word ons ook aan mekaar gebind deur 'n gelofte wat in die openbaar afgelê word en soortgelyk is aan die van 1880 by Paardekraal. Dit moet as 'n spoorslag dien, maar dit beteken niks as daar nie harde arbeid mee gepaard gaan nie.

In die oomblik van stilte, as almal in die vuur tuur en die gelofte hernu, dan dink ons ook aan hulle wat ons in die stryd voorafgegaan het en ons betuig

opnuut ons vasberadenheid om die stryd nooit op te gee nie.



Genl. dr. F. du Toit van Zyl

VRYHEIDSDAG

STELLENBOSCH — HOTTENTOTSHOLLAND

SATERDAG, 6 MAART 1948

op Komdt. Roos se Plaas („Rus-en-Vrede”)

MIDDAG: GESELLIGE VERKEER.

AAND: TOESPRAAK DEUR GENL. ADV. J. DE VOS.

Bring Aandete en 'n milde Bydrae tot die Sentrale O.B.-kas, saam. Koffie is op die Terrein te koop.

KOM — EN BLAAS HOOG DIE VRYHEIDSVLAM!

Vryheidsvlam Brand Weer Op Amajuba

(Vervolg van bl. 1)

Gebieds-genl. J. G. Opperman het 'n beroep gedoen dat Vryheidsdag as 'n nasionale dag gevier word soos in die verlede.

GELOFTE HERNU

Die feesgangers het met ootmoed geluister na die lees van die Vryheidsverklaring en die gelofte plegtig hernu, terwyl twee reuse-vure op Amajuba gebrand het.

Fakkeldraers het die berg in 'n lang linie bestyg en die vlam is deur 'n Boereun en -dogter aangesteek.

Die verrigtinge is Saterdag voortgesit met boeresport en skyfskiet.

As hernuwing van die groot feeste van die verlede, belowe hierdie groot sukses, om in die volgende jare nog meer uit te brei. Die K.G. sal voortaan elke jaar by Amajuba die bevel voer.

Die feesgangers het groot waardering vir die opofferende dienste van mev. C. A. Pienaar van Natal vir die bereiding van die etes, en genl. Pienaar wat verantwoordelik was vir die lei van verrigtinge. — (Korr.)

KAMPMOEDER VERTEL OP VRYHEIDSDAG VAN AAKLIGHEDE

Die Ossewabrandwag van Goudini het Vrydagaand die vryheidsvlamme baie hoog laat opskiet toe onder leiding van komdt. A. du T. Botha Vryheidsdag gevier is.

Die verrigtinge is met Skriflesing en gebed geopen deur veldkt. W. J. Viljoen, en die omgewing is skilderagtig verlig deur die fakkels van 'n veertigtal Boerejeug-lede wat in gelid rondom die brandhout plaasgeleë het onderwyl die kommandant die gelofte voorgelees het.

Na die aansteek van die vuur is die gehoor toegesprek deur 'n ou kampmoeder, mev. Dorie Keet, afkomstig uit die Zeerustse Bosveld. Sy het van haar ondervindings en die lyding van die vroue tydens die Tweede Vryheidsoorlog vertel. Sy was in die Potchefstroomse kamp, en haar familie was die heel eerste vroue wat gevange geneem was.

TWINTIG PER DAG

Van die ontberings in die kamp vertel sy dat daar tot twintig vroue en kinders op een dag omgekom het, hoofsaaklik weens honger. Die meel wat hulle gekry het, het gekrioel van duime-lange wurms, en die vleis was die

SKIEREILAND HERNU SY GELOFTE VIR VRYHEID

Onderwyl die Vierkleur lustig gewapper het, het die Vryheidsvuur van die Skiereilandse generaalskappe verlede Vrydagaand hoog opgevlam tydens die viering van Vryheidsdag te Goodwood. Tegelyk met hierdie vlam, het 'n groot vuur die hemelruim bokant Tierberg verlig waar dit deur lede van die Wag aangesteek is. Die vuur was selfs vanaf Kaapstad sigbaar.

Die vrolike musiek van die O.B.-blaasorkes onder komdt. S. J. Swanepoel het die feesgangers wat van ver en naby saamgedrom het in 'n feestelike stemming gebring. Opvallend was die groot aantal jeugdiges en buitestaanders wat die verrigtinge bygewoon het, en selfs hout op die vuurstapel gegooi het.

Die Amajuba-kantate van dr. W. J. B. Pienaar is vir die eerste keer nadat daar plaatopnames van gemaak is, opgevoer. Die opvoering het groot byval gevind. Die stem van Amajuba en die Volksleier het opnuut tot elke aanwesige gespreek.

INDRUKWEKKEND

Nadat genl. Van Zyl die boodskap van die Kommandant-generaal voorgelees het, het hy, begelei van twee lede van die Boerejeug, die vuur presies om nege-uur aangesteek. Boerejeug-fakkeldraers is vooraf in gelid opgestel en het 'n indrukwekkende skouspel uitgemaak.

Nadat die voorsittende offisier,

genl. S. J. Kamffer, almal op aandag geroep het, het daar 'n oomblik van plegtige stilte gevolg waarop die aanwesiges die gelofte om die stryd nooit te staak nie, weer hernu het. As teken daarvan het elkeen 'n stuk hout in die vuur gegooi.

Boodskappe is o.a. van mev. J. E. Conradie en mev. dr. J. S. du Toit voorgelees.

Die vrywillige storting het byna £50 bedra.

Die verversings wat deur die O.B.-vroue verkoop is, was baie gou gedaan.



Brandwagte wat tydens Februarie 1943 die Vryheidsdagviering deur die O.B. in Kaapstad bygewoon het, is verlede Vrydagaand aangenaam verras toe hulle dieselfde verhaal oor die slag van Amajuba wat deur oom Pieter Joubert, een van die Amajuba-veterane, op dié funksie vertel is, oor die radio gehoor het. Onder die opskrif „Majubadag” het die Uitsaakorporasie 'n plaatopname van oom Pieter se vertellinge uitgeseaai. Oom Pieter was tydens die slag as brandwag opgestel op een van die hoë koppe en kon die slag goed volg. Hy is sedertdien oorlede.

VRUGTEFEES OP CONSTANTIA

Die jaarlikse vrugtefees op die plaas Welgeleë, Constantia, van mnr. en mev. J. R. Lategan, word Saterdag, 13 Maart, gehou. Die verrigtinge word deur genl. J. de Vos geopen en begin om 3 nm. Die fondse gaan vir 8 Augustus.

Opbrengste uit hierdie funksie het die kommando van komdt. Lategan in die verlede in staat gestel om elke jaar 'n mooi bedrag vir Fondsdag te stort.

GEEN VOORDELE IN BRITSE RYK

„Die Ossewabrandwag moet bereid wees om op die voorpunt van die vryheidsstryd te staan en die stryd om vryheid te wen. Ons moet brandwag staan oor hierdie ideaal en nuwe geesdrif en vuur aanblaas by diegene wat mismoesdig word. Daar is vir ons geen voordele om aan die Empire gekoppel te wees nie omdat ons vandag die dooie liggaam van die Empire moet aansleep.”

So het die Gebiedsvrou van Wes-Kaapland, dr. Erika Theron, onder toejuiging verklaar tydens die Vryheidsdagviering op Goodwood.

Genl. Theron het gesê dat die Gebiedsleier van Wes-Kaapland, dr. Van Zyl, verantwoordelik was vir die gedagte dat die O.B. jaarliks 'n Vryheidsfees op 27 Februarie moet vier. Op hierdie dag betuig ons opnuut ons troue en dit is jammer dat so baie Afrikaners wat glo aan hierdie heerlike ideaal nie teenwoordig is nie. Mag die dag nie meer ver wees wat ons al

ons klein geskilletjies sal vergeet en almal wat eenders voel, die gelofte om die stryd nooit op te gee nie, saam met ons sal aflê.

BAIE NODIG

Die Republiek is vandag so nodig soos nooit tevore nie. Tydens die oorlog is vir ons gesê dat ons aan die kant van Brittanje moet staan sodat die Britse vloot ons kan beskerm. U kan vir u self oordeel wat Chili en Argentinië van die krag van die Britse vloot dink, het genl. Theron onder gelag verklaar.

Aan ons is gesê dat ons aan die kant van Brittanje moet staan sodat ons handel beveilig kan word; vandag moet ons die dooie Britse liggaam aansleep. Daar is vir ons geen voordele om aan die Empire gebind te wees nie.

„Dink aan die geestelike betekenis van om 'n vrye volk te wees en die juk af te skud. As die Afrikanervolk ophou om na sy vryheid te streef, dan is hy geestelik bankrot.”

Lening Sal Net 3 Maande Hou

Die Suid-Afrikaanse goudlening van £80,000,000 aan Brittanje, wat verlede week aan Brittanje oorgedra is, sal teen die koers wat Brittanje vandag goud gebruik, net drie maande hou.

Gedurende Januarie het Brittanje meer as £26,000,000 se goud aan Amerika verkoop.

het aan mev. Keet gesê: „Toe maar, jy met jou blou oë, die Engelse het aan ons belowe dat ons al die vrouens met blou oë kan kry en hulle sal die bruin oë vat; jy hou jou verniet so parmantig.” Mev. Keet het hom onderstebo geklap.

Na mev. Keet se toespraak het drie Boeredogters van jeugveldkte. mev. R. E. le Roux, Magrieta, Nonnie en Sannie le Roux, 'n treffende trio gesing van 'n konsentrasiekampied.

Die redakteur van Die O.B. was die volgende spreker en het hom bepaal by die vryheidsstryd. Hy het aangetoon hoe ons land vandag hoofsaaklik sielkundig en deur middel van Britse stelsels aan Engeland gebind is.

Die sprekers is deur hfkomdt. W. de V. Rabie bedank.

VYF MINUTE

Die Engelse het hulle presies vyf minute tyd gegee om uit die huis op die waens te klim, waarna die huis afgebrand is. Aangesien hulle die eerste vroue was wat gevange geneem is, was hulle totaal onvoorbereid sodat feitlik niks saamgeneem kon word nie. Toe die vyf minute om was het die offisier gedreig om hulle van naturelle te laat vang en vasbind.

Een naturel wat nader gekom het om hand by te sit by die ontruiming van die huis,

van skape wat van maerte omval as hulle skrik gemaak word. Dit bespaar die Tommies die moeite om gesonde skape te vang.

Mev. Keet het gesê dat dit die aand presies 48 jaar gelede was dat hulle gevange geneem was. Sy onthou die datum 27 Februarie omdat dit op die verjaardag van 'n familielid plaasgevind het.

DIE VERDELING VAN SETELS

Hoewel daar reeds 'n paar weke verloop het sedert in die pers aangekondig is dat dr. D. F. Malan en mnr. N. C. Havenga eenstemmig bereik het oor die setels wat die Afrikanerparty, namens die opposisie, by die komende verkiesing sal betwis, het geeneen van die twee leiers dusver nog 'n verklaring oor die saak gedoen nie.

Rede hiervoor is dat een van die H.N.P. se provinsiale hoofbesture nog nie die toekenning van setels sover dit die betrokke provinsie betref, goedgekeur het nie. Dit is bekend dat dr. Malan die Frankfortse setel aan die A.P. toegeken het en algemeen is verwag dat mnr. Havenga self daardie setel sou betwis. Dit is trouens die enigste setel in die Vrystaat wat aan die A.P. toegeken is. En nou het mnr. C. R. Swart in die pers aangekondig dat Frankfort nie aan die A.P. toegeken is nie.

Boonop het hy in elke kiesafdeling in die Vrystaat, uitgesonderd die Sap-vesting Bloemfontein-Stad, H.N.P. kandidate laat nomineer, en ten spyte van die Kaapstadse ooreenkoms tussen dr. Malan en mnr. Havenga het hy hierdie nominasies in die pers laat aankondig. Hierdeur het mnr. Swart sy ontkenning insake Frankfort uitgespreek tot al die Vrystaatse setels.

NET BLOEMFONTEIN

Mnr. Swart se standpunt is blykbaar dat die Vrystaatse H.N.P. nie 'n enkele setel wat die party tans verteenwoordig aan die A.P. sal afstaan nie — dr. Malan se belofte aan mnr. Havenga ten spyte. As die A.P. 'n Vrystaatse setel wil betwis moet dit Bloemfontein-Stad wees — 'n setel wat die H.N.P. nog nooit op die V.P. kon verower nie. Ek dink die Vrystaatse posisie sal wel opgeklaar word, maar die onvriendelike gesindheid wat die Nasionaliste in die moeder-provinsie van die A.P. teenoor laasgenoemde openbaar, laat 'n bitter smaak in die mond van diegene wat geesdriftig aan die A.P.-H.N.P. ooreenkoms wou byt.

In die Transvaal is dit die A.P. vergun om 'n poging aan te wend om ses V.P.-setels vir die opposisie te verower. Hierdie setels (met V.P. meerderhede tussen hakies) is die volgende: Rodepoort (2,163); Brakpan (1,679); Potchefstroom (890); Bethal-Middelburg (774); Pretoria-Distrik (486); en Lydenburg (316). In hierdie provinsie sal die A.P. sy kwaaieste geveg moet voer. Vir oorwinning sal die party tot die laaste stuiwer toe moet betaal in geld, organisasie en kraginspanning — sy bondgenoot laat hom weinig in die skoot val.

NATAL

In Natal sal die A.P. die setels Vryheid en Kliprivier betwis. Albei setels word tans deur die V.P. gehou met die volgende meerderhede: 150 en 1,101. Hierdie twee setels verteenwoordig die „beste” kans van die opposisie om 'n vastrapplek in Natal te kry. Tot dusver het dit die H.N.P. nog nie geluk om voet in Natal te sit nie. Dr. E. G. Jansen, die Natalse H.N.P.-leier, wat die paal in Vryheid nie kon haal nie, verteenwoordig tans 'n Transvaalse setel. Nou

Politiek in Oënskou deur Waarnemer

het die H.N.P. dit aan die A.P. oorgelaat om die opposisie-vaandel in Natal te gaan plant.

Dit blyk dat dr. Malan ten aansien van Kaapland koppig vasgeskop het. Die A.P. sal Vryburg (V.P. meerderheid 512) in die verre noorde betwis. Origens kry die A.P. Uitenhage (V.P. meerderheid 527) met 'n groot vlottende en toevallige kiesersbevolking om te betwis. In die Westelike Provinsie waar die A.P. baie sterk is en die balans van die politieke mag in 'n half-dosyn kiesafdelings hou, kry die party nie 'n enkele setel om te betwis nie. Die toekenning van setels aan die A.P. in Kaapland is of 'n grap of dit openbaar die H.N.P. se senuweeagtigheid oor die totstandkoming van 'n alternatiewe nasionale party vlak voor Keeromstraat se deur. In ieder geval kan dr. Malan baie dankbaar wees dat mnr. Havenga grootmoedig genoeg was om die samewerking tussen die twee partye te handhaaf ten spyte van dr. Malan se tergende „gevoeligheid” oor Kaapland.

Deur daarop te staan dat Kaapland so skamelijk afgeskeep word, het dr. Malan waarskynlik daarin geslaag om die geesdrif van sy bondgenote in die Provinsie vir die verkiesing tot 'n minimum te beperk.

NATURELLE TOT DADE AANGEPOR

Die artikelreeks van prof. dr. G. Cronjé oor arbeidsdiens word in ons volgende uitgawe vervolg.

Blanke lede van die Kommunistiese Party is besig om alle nie-blankes in die land op te sweep om die wetvoortreding van Indiërs in Suid-Afrika te steun. Daar is ook 'n beroep op die natuurlike gedoen om handelend op te tree in hul stryd teen die paswette.

Hierdie aanhitsing het verlede week in Johannesburg plaasgevind toe die Kommunistiese party 'n vergadering gehou het om hul ondersteuning aan die Indiërwetvoortreders toe te sê. Die vergadering is gehou na aanleiding van die skuldigebevinding van die twee leiers van die versetbeweging, dr. Y. Dadoo en dr. G. Naicker. Dr. Dadoo, voorsitter van die Transvaalse Indiër-versetraad, is ook voorsitter van die Johannesburgse distriksbestuur van die Kommunistiese Party.

ALMAL

Die vergadering het bestaan uit Indiërs, natuurlike en 'n paar blankes. Een van die blanke sprekers, L. F. Williams het 'n beroep op alle nie-blankes gedoen om die Indiërs te steun. Die Immigrasiewette waarteen die Indiërs veg, kom baie met die paswette ooreen, het hy gesê. Dit het nou tyd geword om die daad te voeg by die kreet „weg met die passe.” Die stryd van die Indiërs moet 'n stryd van die nie-blankes vir volle burgerregte word.

Grond Is Te Duur

Die pryse van die meeste landbougrond is te hoog, het die Minister van Naturellesake, maj. P. van der Byl, verklaar. Hy het gepleit dat waar mense geld in grond belê die waarde daarvan nie te hoog gewaardeer moet word nie.



Tsjiang Kaisjek, Christenleier van Nasionale Sjina

Sjina Besig Om In Hande Te Val Van Kommuniste

Die Sjinese Kommunistiese leër in noue medewerking met Rusland, het die afgelope dae aansienlike vordering in Sjina gemaak. Hulle het daarin geslaag om die lewensbelangrike spoorwegverbinding tussen die stad Antoen in Mantsjoerye en die Sowjet-sone in Korea te verower. Die Kommuniste hammer ook reeds aan die voorposte van Moekden.

Buitelandse waarnemers meen dat dit slegs 'n kwessie van tyd is voordat die Kommuniste die hele Sjina oorrumpel sal hê indien Amerikaanse hulp nie dadelik opdaag nie. Meer as die helfte van die land is reeds in Kommunistiese hande.

Die beleid van Amerika om maar te sit en toesien dat die Kommuniste klaarspeel met Sjina, is hard gekritiseer deur sen. Robert Taft, wat Republikeinse aspirant-kandidaat vir die Amerikaanse presidentsverkiesing is. Hy dring daarop aan dat Amerika sonder versuim wapens aan

Sjina lewer omdat die Verre Ooste per slot van sake belangriker vir die toekomstige vrede sal wees as Europa.

G. A. FICHARDT, Bpk
(Lid Afrikaanse Handelsinstituut)
MASJINERIE, YSTERWARE
PRODUKTEHANDELAARS
Foon 700 Opgerig 1848

BLOEMFONTEIN

MEUBELS

PRYSE STYG VINNIG

KOOP NOU

Ons hou alleenlik goeie kwaliteit Meubels in voorraad

WERDA

Mieubelhandelaars
(EIENDOMS) BEPERK

Groote Kerkgebou — Kaapstad

Verseker u Toekoms

deur die Eienaar te word van

VASTE EIENDOM

★ BOUPERSELE

★ WOONHUISE

★ PLASE

★ BESIGHEDE VIR DIE KIESKEURIGE PERSOON

Raadpleeg —

J. (Kotie) THERON

Posbus 78 Foon 0028

CROXLEY-GEBOU, KUSWEG,
STRAND

Is Medisyne Noodsaaklik?

Die Natuurwetenskap sê nee!



Die Bron van Siekte

BEKAMP SIEKTE MET
DIE JONGSTE WETEN-
SKAPLIKE METODES
Met Verbasende Uitslae
GEEN MEDISYNE!
GEEN OEFENINGE!

Die Hardnekkigste Kwale swig

Die wetenskap het nou uitgevind dat sodra 'n besmette liggaamsdeel skoongemaak word van sy gif of onsuurhede, die siekte verdwyn. Deur die toepassing van ons wetenskaplike metodes het dit nou 'n maklike taak geword.

Dit maak nie saak hoe ernstig of aanhoudend u kwaal is nie — selfs al is dit as chronies of ongeneeslik bestempel. Daar is hoop vir u. Geen medisyne of oefeninge benodig nie. U sal onder geen verpligting staan nie. Skryf aan ons en verstreke volledige besonderhede in verband met u kwaal.

THE SCIENTIFIC
HEALTH INSTITUTE
Posbus 1336 — KAAPSTAD

NOODHULP VIR DUITSLAND DUITS-AFRIKAANSE HULP-AKSIE (D.A.H.A.)

Ondersteun ons Taak om die Ontsettende Nood in Duitsland te Lenig.

ONS BENODIG DRINGEND:

- Fondse vir die aankoop van voedsel, klerasie en medisyne.
- Klerasie en skoene, nuut of gebruik, maar skoon en in goeie toestand.
- VET.
- Biltong of ander onbederfbare eetware.

STUUR U BYDRAE, BEHALWE VOEDSELWARE AAN U PLAASLIKE NOODLENIGINGSKOMITEE VIR DUITSLAND of regstreeks aan die

DUITS-AFRIKAANSE HULP-AKSIE (D.A.H.A.)
Bloedstraat 164, Hoopstraat 105B,
PRETORIA. KAAPSTAD.

● VOEDSELWARE ALLEEN AAN D.A.H.A., PRETORIA. ●

DIE KOPERSBOND BPK.

GROOTHANDELAARS

KEEROMSTRAAT 52 - KAAPSTAD

FOON 3-0423

POSBUS 2120

DAMESROKSTOWWE:

Ons bied aan 'n groot verskeidenheid van damesrokstowwe (Morokyn, Satyn, Gesponne stowwe, Katoenstowwe), rokke, gebleikte en ongebleikte linne, gordynstowwe, onderklere, kouse, pantoffels, kindersokkies, kramerye, ens., ens.

HEMDE:

Verder ook mans wit en gestreepte hemde, sporthemde, dasse, baadjies, onderklere, werksbroeke, kakiehemde, slaappakke, sokkies, ens., ens.

Dit sal kleinhandelaars betaal om met ons in verbinding te tree, hetsy deur kontak met ons reisigers of andersins. Persoonlike besoeke sal op prys gestel word

Verspreiders van TOOTAL
fabrikate

„DIE O.B.” WOENSDAG, 3 MAART 1948

SY DADE NOU „BUIE BEHEER”

„Ons sien magte aan die bewege in die wêreld wat buite menslike beheer is. Ons het gebou op die veronderstelling dat die mensdom, vrede, vryheid en die daarstelling van die ideale waarvoor ons in die oorlog geveg het, begeer. Maar ons sien 'n toedrag van sake wat baie verskillend is.”

So het genl. Smuts verlede week hardop gedink toe hy geantwoord het op 'n debat in die parlement. Hy het ook nog bygevoeg dat die Paryse vredeskonferensie wat Triëst as 'n onafhanklike stad geskep het, „moontlik 'n fout begaan het.” So erken genl. Smuts stap vir stap die dwaasheid van die oorlog en die vrugteloosheid daarvan. Dit is nie nou net meer die veto-reg wat 'n fout was nie, dit is nou ook al die vredesooreenkomste wat totsover aangegaan is, en bowe-al die veronderstelling waarop die hele oorlog sou gevoer gewees het! Die Westerse volke wat oorlog gemaak het, het hulle misgis; die mensdom wil nie vrede hê nie, so verduidelik genl. Smuts.

DIE SKULDIGE

Om die stomme „mensdom” nou uit te skud as die rampokker wat al die mooi ideale van die oorlog in die wiele gery het, is seker baie onverdiend van die kant van iemand wat met propaganda die „mensdom” en ook sy volk mislei het tot deelname aan die sinlose oorlog en selfs diegene wat hulle teen die dwaasheid verzet het met tronke en konsentrasiekampe tot „beter” insigte probeer dwing het. Die fout lê sekerlik nie aan die kant van die misleide „mensdom” nie, maar aan die kant van daardie leiers wat in hul blinde haat en jaloesie gemene saak met die apostels van wêreldbrandstigting gemaak het. Wat het die gewone „mensdom” geweet van Lenin en Stalin se geloofsbelydenisse omtrent wêreldrewolusie waarmee genl. Smuts as staatsman en filosoof op hoogte moet wees? Wat moes hulle weet van die versoek van Roosevelt aan Stalin om 'n „vriendskapsgebaar” teenoor die kerk te maak sodat die Amerikaanse volk kan inwillig om met die godloses van die Kremlin saam te span? Hoe moes die „mensdom” weet dat Churchill maar net uit hoë nood aan sy volk vertel het dat „Premier Stalin” nou 'n gawe demokrat geword het, en hoe moes die Afrikaanse volk raai dat genl. Smuts maar net vriendskap geveins het toe hy „die seën van die Allerhoogste” afgesmeek het op die wapens van die Rooi Leër?

Nee, die mensdom — as daarmee bedoel word die mensemassas wat keer op keer opgeroep word om kanonvoer te wees vir die skynheilige ideale van gewetenlose maghebbers — smag na vrede en vryheid en die ideale waarvoor hulle gemeen het hulle veg — daarom het hulle hul laat stukkend skiet en hul huise opgeoffer om vandag in krotte te woon.

POORTE VAN DIE HEL

Maar dit is leiers wat in hul haat teen ander volke bereid is om „tot voor die poorte van die hel” te gaan — soos genl. Smuts sy oorlogsywer uitgedruk het — wat keer op keer die vrede verstoort omdat hulle in en ná elke oorlog die ewewig van geregtigheid versteur en hul bese oegmerke op die rug van die leuen probeer bereik.

As daar vandag magte aan die bewege is wat buite menslike beheer is, dan beweeg hulle omdat hul pad vir hulle gelyk gemaak is deur diegene wat bereid was om „tot voor die poorte” van daardie magte te gaan. Want dit is hulle wat die enigste struikelblok in die pad van daardie magte uitgerol het — en geweier het om die hand van 'n Duitse militêr te vat selfs nadat Hitler dood was. Soos 'n verwoede bul wat nog op die bloedkol brul het hierdie leiers voortgegaan om, nadat Duitsland pap geslaan was, sy oorblyfsels uit te deel aan die magte wat tans „aan die bewege” is.

En dit is hierdie mense wat nou nog die brutaliteit het om van hul volke 'n verdere regeringsmandaat te vra met die oog op die derde wêreldoorlog op grond van hul „ervaring en bekwaamheid.”

Wat die Ossewabrandwag betref, hy het die skrale troos dat wat hy voorspel het, besig is om bewaarheid te word, en diegene wat deur kampe en tronke gesleep het weens hul verzet teen die dwase oorlog, kan die klein bietjie genoegdoening smaak dat hul vervolger vandag sy dwaasheid moet erken waarmee hy ook stilswygend hul wysheid onderstreep — wat meer is as wat die soldaat wat in alle opregtheid homself en sy huis vir genl. Smuts se vérgesigte geoffer het, homself vandag mee kan troos.

'N STEM UIT DUITSLAND

Onder die redmiddels om die na-oorlogse Europa aan die lewe te hou, word hulpverlening aan Brittanje in die eerste plek beklemtoon. Deur Brittanje te help, word Europa gered, so word daar geredeneer. Diegene wat so argumenteer dink nog aan die Brittanje en die Europa van 'n eeu gelede. Vandag behoort dit te wees: deur Europa te help, word Brittanje gered. En as daar van Europa gepraat word moet daar veral aan Sentraal-Europa gedink word. In Sentraal-Europa is Duitsland nog altyd die sleutelland. Aangesien die Duitse stem vandag maar weinig gehoor word, sal onderstaande grepies uit 'n brief van 'n Duitser in die Amerikaanse besettingsgebied nie sonder belang wees nie.

Afgesien van fisies-sielkundige faktore soos die winter en sy droewige klimaat, het die Duitsers, met die oog op hul toekomsvooruitsigte, meer as genoeg rede om erg pessimisties te wees. Selfs die moontlikheid dat Wes-Duitsland 'n sekere mate van ekonomiese steun uit Amerika sal ontvang ten einde die uitvoer van Duitse fabrikate te bewerkstellig, is maar 'n swak troos, aangesien dit waarskynlik gepaard sal gaan met die uiteindelijke verbodskeling van die vaderland. Hierdie verbodskeling sal nie alleen om sentimentele nasionale redes nie, maar ook in die belang van die hele Europa 'n swaar terugslag wees. Die ergste is dat die Duitse state in hierdie uur van hoogste nood geen woordvoerders het wat toegelaat word om die belange van die Duitse volk uiteen te sit en te verduidelik nie. Wat Wes-Duitsland betref, word daar ook geen poging aangewend om die stuur van 'n Duitse afvaardiging selfs voor te stel nie, terwyl daar in die Russies-besette Duitsland reeds 'n „spontane” beweging ontstaan het, waar die woordvoerders van die „eenheids party” hulle as die mondstukke van die hele Duitsland voordoen en eienaardig genoeg as voorvegters van uitsluitlik nasionale Duitse belange optree.

DIE LONDENSE KONFERENSIE

Met die mislukking van die onlangse Londense Konferensie van buitelandse ministers skyn daar geen waarskynlikheid te bestaan vir die samesmelting van die vier besettingsgebiede van Duitsland onder een sentrale organisasie nie en moet daar rekening gehou word met

die moontlikheid van twee of selfs drie verskillende Duitslande. Hiermee sal die laaste kans van 'n weersydse ekonomiese en

Deur Dr. J. A. Wiid

politieke aanvulling van Oos- en Wes-Duitsland verlore gaan, met die gevolg dat „ons stinkende volksliggaam” eendag die lug van Europa sal verpes. Hieroor behoort die wêreld hom geen illusies te maak nie.

WEN DIE KOMMUNISME VELD IN DUITSLAND?

Op die vraag of die Kommunisme veld wen, kan daar geantwoord word dat die Kommunistiese Party in Wes-Duitsland op die oomblik slegs oor 'n onbeduidende minderheid beskik. In Oos-Duitsland egter is die Kommunistiese minderheid, in soverre die Russe dit toelaat, aan die bewind en volgens die jongste ondervinding van verskillende Oos-Europese state moet dit sterk betwyfel word of die metodes van so 'n bewind ooit deur parlementêre maatreëls doeltreffend beveg kan word, te meer daar hulle deur die besettingsmoondheid gerugsteun word. Met die ekonomiese chaos en die absolute wanhoop wat op alle gebiede heers, kan die dag egter aanbreek dat die Duitse volk enige orde, al is dit ook 'n kommunistiese orde, sal verwelkom as daar maar net 'n end aan al die troostelose onsekerheid en doelloosheid van die toekoms gemaak word. Buitendien raak 'n mens met die groeiende ellende en nood in 'n geestestoe-

stand waar jy alle verstandige argumente oorboord werp en die hongersnood enige anargistiese ontwikkeling bevorder.

Die verskil tussen die besittendes en die nie-besittendes sal al hoe skerper op die voorgrond tree en 'n sterk gelykmakende tendens in die lewe roep. Origen ontbreek dit die enkeling aan enige materiële en morele aanmoediging wat sy inisiatief kan prikkel met die gevolg dat 'n korrupte maar nogtans doelbewuste party soos die Kommunistiese Party algehele beheer oor die ekonomiese en politieke lewe kan kry. Belasting is so hoog en die koopkrag van die geld so gering en daarby die produksie van lewensnoodsaaklike goedere so ontoereikend dat die Duitsers die gesonde grondslag van aanbod en aanvraag reeds lank al verlaat het en langs bane beweeg wat onvermydelik tot 'n ongeëwenaarde ekonomiese ramp sal moet lei. Die diepgaande apatie wat hom op alle gebiede van die meester gemaak het en waarvoor die oorlog en veral die troostelose na-oorlogse toestand verantwoordelik is, is nie berekend om die Kommunisme met sukses te beveg nie.

ANDER ONVERKWIKLIKEHEDE

Die troostelose ekonomiese toestand en die ondervoeding het tot gevolg dat die gemiddelde Duitser wat in die verlede vir sy vlyt en uithouvermoë bekend was, vandag lui en moeg is. Vandaar die gevelede woord: Die arbeider moet die hele dag werk en het dus geen tyd om geld te verdien nie waarin die werklike toestand in Duitsland weerspieël word.

Die ongesonde ekonomiese toestand word ook vererger deurdat 'n groot aantal Duitsers vandag beroepe beoefen wat eenvoudig skyngeroepe is en wat sonder die swart mark nie kan bestaan nie. Baie mense werk glad nie sodat die enigste positiewe waarde waarvoor die Duitse volk vandag beskik n.l. sy arbeidskrag, lamgêl is.

Voorts word 'n groot aantal waardevolle deskundiges verbied om hul beroepe te beoefen omdat hulle lede van die Party was. Elke Duitser wat op hierdie wyse belas is — en dit is 'n baie hoë persentasie — moet afgewag totdat sy saak deur die Suiveringshof behandel is. Vandaar dat dit geen seldsaamheid is nie dat deskundiges soos universiteitsdosente, medici, ens., vandag as gewone handarbeiders hul brood moet verdien.

Die na-oorlogse vernietiging van baie honderde waardevolle fabriekke wat nie almal wapenfabriekke was nie deur die besettingsmoondhede het verder bygedra om die toestand te vererger. Ook die noodsaaklike hervorming van die geldstelsel sowel as ander rekonstruksiewerk sal (Vervolg in voet van kolom 3)

VERDERE VORDERING IN VRYSTAAT

Verdere vooruitgang in die Vrystaat word deur hfkomdt. Vale Ferreira, wat tans besig is met 'n reorganisasietoer deur daardie gebied, in 'n brief gerapporteer.

Op Parys is totsover meer as sestig nuwe O.B.-lede ingeskakel en op Heilbron het die getalle ook aangeswel, berig hy.

Hy verklaar dat hy geen moeilikheid het om die nodige offisiere vir die werk te vind nie. Nadat mens hulle toegesprek en verseker het dat die Ossewabrandwag nog op sy ou koers is, is hulle dadelik gewillig om weer aan die werk te spring. Die mense het 'n intense afkeer van die partypolitiek, en die versekering dat die O.B. nog 'n partylose volkstaat nastrewe, is genoeg om die geesdrif weer hoog te laat vlam, aldus komdt. Ferreira.

arbeidloosheid op groot skaal in die hand werk.

Aldus die paar grepies uit die brief van hierdie Duitser. Hulle is egter genoeg om aan te toon dat die nare werklikheid en die na-oorlogse paradys wat die Angel-Saksiese oorwinnaars in die vooruitsig gestel het, hemelsbreed verskil.

REISPROGRAM GEBIED „A” Wes-Kaapland

Die Kommandant-Generaal,
DR. J. F. J. VAN RENSBURG
spreek vergaderings toe op die volgende datums:

PETRUSVILLE, 8 Maart, van Vuurensaal, 2.30 n.m.
DE AAR, 8 Maart, Stadsaal, 8 n.m.
RICHMOND, 10 Maart, Stadsaal, 8 n.m.
LOXTON, 11 Maart, Kerkzaal, 8 n.m.
CARNARVON, 12 Maart, Afr. Gedenksaal, 8 n.m.
FRASERBURG, 13 Maart, Stadsaal, 4 n.m.
SUTHERLAND, 15 Maart, Kerkzaal, 8 n.m.
CALVINIA, 16 Maart, Ou Kerkzaal, 8 n.m.
CLANWILLIAM, 17 Maart, Stadsaal, 8 n.m.
STELLENBOSCH, 18 Maart, Stadsaal, 8 n.m.

Alle vriende en belangstellendes word vriendelik uitgenooi.

GENERAALSKAP WAT SY PLIG DOEN

Generaalskap C. 6, wat Foursburg, Bethlehem, Ficksburg, Senekal en aangrensende gebiede insluit, is nog steeds aan die beweeg en op die voorpunt van O.B.-bedrywighede, na ons korrespondent berig.

Nuwe Steenkool Vir Olie

Nuwe boorgate ten suide van Vereeniging het nuwe groot steenkoolae aan die lig gebring. Dit is selfs meer as wat verwag is. Die steenkool is van lae gehalte maar is besonder geskik vir die maak van olie. Dit is betreklik vlak — van 200 tot 500 voet — en die ontginning daarvan sal dus goedkoop wees, respondent berig.

Onder die bekwame leiding van genl. H. A. J. du Toit het die afdeling nog altyd vinnig en fluks gereageer op die wense van die Grootraad. Toe die K.G. einde November verlede jaar 'n oproep gedoen het vir fondse vir die afhanklikes van die politieke gevangenes en geïnterneerdes, het C. 6 dadelik begin woel en £90 is vir hierdie doel afgesonder. Die tjek is op 14 Januarie aan die K.G. op Vredefort oorhandig.

Hierdie generaalskap kom die onderskeiding toe dat hy in die dae van die vervolging meer manne agter die tralies gehad het as die res van die Vrystaat saam. Dit spreek van die aktiewe rol wat die Brandwagte in die stryd gespeel het.

Genl. Du Toit het in 'n on-



Genl. Du Toit

derhoud verklaar dat die O.B.-gedagte van „ek is my broer se hoeder” diep ingeslaan het en dat dit daadwerklik uitgeleef word.

Amajuba sal weer gevier word en die Vryheidsvuur sal hoog oplaai.

Artikel Oordrewe

Mnr. G. J. Swart, Westdene, Johannesburg, skryf:

Nou wil ek sommer so oral oor en in die bondel invoeter, want ek het my al lankal vererg vir 'n klomp dinge.

Ten eerste wil ek sommer by die heer Van der Walt begin en hom sê dat ek met sy sienswyse simpatiseer, indien dit sy oortuiging is, en gee toe dat ons nog veel kan doen om die natuur en kleurlinge op hul eie terreine te ontwikkel en op te voed, maar sy tirade in die uitgawe van 4 deser is die grootste gedeelte louter twak! Ek het net begin wonder of dit nie die s.g. (Rev.) Scott aan die woord is nie, toe ek myself oortuig dat dit sy naam is.

Na die Boere-oorlog was ons dapper helde niks beter af, oor die algemeen gesproke, as die lot-beklaagde swart skepseltjies nie en wie het hulle 14½ miljoen pond gegee vir onderwys soos vir die natuur vandag? Wie het vir hulle behuisingskemas van miljoene ponde aangegaan of moderne woonstelle en hospitale gebou, vry mediese dienste, klinieke en welsynswerk gelewer soos vandag reeds gedoen word?

Ek wil nie in die minste die indruk wek dat dit die maksimum is wat gedoen kan word indien ons 'n regering of liewers 'n landsbestuur het en nie 'n seekatgedoente wat maar saam met elke stroom beweeg nie. Ons ouers en ons, en ek praat van ondervinding, moes byna dag en nag swoeg en sweet om 'n bestaan te voer en vooruit te beurt met alle mag om nie deur die strome van Jingo-gemeenheid weggesleur te word na totale ondergang nie. En tog het daarin baie omgekom.

Wat doen die natuur en kleurling, met 'n klein uitsondering, om homself te red en op te werk in die lewe? Alles word van die witmense verwag en as hulle dit nie kry nie of te verflaks lui is om te werk, dan word hul lot bekla met goedkoop agitators aan die spits! Dat daar vir geeneen van hulle, wat universitêre opleiding gehad het, ander werk is as ongeskoolde arbeiders nie is 'n onsmaklike grap! Die arme jong kleurling had baie ander weë oop as om selfmoord te pleeg toe hy homself nie tussen die blankes kon indring nie. Hy sou alle steun gekry het as hy 'n eie Operavereniging vir sy gelede wou stig. Ek het duisende van die beklagde arbeiders self betaal teen £10 tot £25 per maand, en die eerste halte is die kroeg en as jy hom die volgende dag op sy kop staan maak val daar nie 'n penne uit sy sak nie.

In ons land is duisende gekleurde vakmense en baie uitstekendes, wat tot £15 per week

verdien. En meeste van hulle het oud geword en besit nog nie 'n dak oor hul koppe nie. Dis natuurlik ook die blankes se skuld. Nee, as u sou sê: „Laat ons hulle ten eerste opvoed om hulleself te red met behulp van die blanke tot 'n eie selfstandigheid wat sal ontwikkel en ryp word met die jare, net soos ons, dan sê ek my steun ook toe, maar nou vererg ek my net.” Want dit skyn my asof verwag word dat ons die sogenoemde onderdrukte wesens alles in een jaar moet gee, wat ons vanaf Jan van Riebeeck se tyd tot nou toe bereik het. Ja-nee, ons moet opskud anders pleeg die arme goedjies misdaad!

Die Republiek

Mnr. S. Nel, Brandvlei, skryf:

Volgens dr. Malan se antwoord op kol. Stallard se oproep om samewerking oor die kleurkwessie, kom dit voor asof die Christelike Nasionale Republiek waarvoor ons voorgeslagte die hoogste offers gebring het en waarvoor hul ontelbare smarte moes ly, vandag deur die Herenigde Nasionale Party sommer as 'n goedkoop handelsartikel beskou word.

Soos Engeland vandag in sy bankrotskap sy goudvoorraad aan Amerika moet verkansels om dollarkrediet in die nuwe wêreld te hê, so is dr. Malan vandag volgens sy eie woorde gewillig om die Republiek uit die yskas te haal en te verkansels vir 'n paar tipies Britse stemme om op die manier moontlik 'n verhoogde status onder sy Majesteit se vlag te kry: naamlik van sy Majesteit se Opposisie, na sy Majesteit se regering.

Wel, in die geval van Engeland is dit 'n bewys van 'n gebrek aan die nodige betaalmiddele, en in die geval van die H.N.P. as politieke party, is dit seker nie 'n bewys van politieke rykdom nie.

Ek was altyd van mening dat as ons net eers ons eie republiek los van die „Home” het, dan sal 'n tipiese Brit soos kol. Stallard, hoewel nog onder invloed van die „Home”-kompleks begin insien dat hy by nasionale Suid-Afrika moet staan om te help om my en sy probleme in ons land op te los. Maar nee, nou maak dr. Malan die kleurkwessie No. 1.

Dit kom daarop neer dat as Stallard gewillig sal wees om die H.N.P. in die volgende verkiesing te help, dan belowe dr. Malan hom ook die ondersteuning van sy party, en die Republiek waarvoor dr. Malan nog

Soos Ons Lesers Dit Sien

skaars vyf jaar gelede plegtig belowe het om propaganda voor te maak, dié sal ons nou maar uit die koelkas haal om op die ashoop te gooi.

„Dit skyn vir my of dr. Malan nou sommer direk skakel, en moet mens dan vir die H.N.P. stem met slegs die vooruitsig dat die regering van ons land, kom wat wil, sy Majesteit se eiendom gaan wees?

Veronderstel dat daar 'n Nasionale regering in die kussings kom en ons bly onder die huidige stelsel, wat is dan die waarde van so 'n verandering?

Wat meer is, daardie tipiese Brit wat vir dr. Malan meer welkom is as duisende Republikeine sal toesien dat daardie No. 1 vraagstuk volgens 'n „Home”-resep opgelos word.

Vroue Wat Slae Kry Kwel V.V.O.

Die vraag of 'n man geregtig is om sy vrou 'n pak slae te gee, is die afgelope week deur die sosiale en ekonomiese komitee van die V.V.O. bespreek. Die vraagstuk het te berde gekom nadat die Russiese afgevaardigde Amerika daarvan beskuldig het dat in sekere Amerikaanse State 'n man die wetlike reg het om sy vrou te slaan. Die Rus het verklaar dat in Alabama 'n man die reg het om sy vrou te slaan mits hy nie 'n stok dikker as twee duim gebruik nie.

Die Amerikaanse afgevaardigde het die Rus meegedeel dat sy verklaring „kaf” is en „dat sulke aanvalle gedurig inbreuk maak op die werk van die raad”.

Daarop het die Franse afgevaardigde opgespring en verklaar dat in Frankryk 'n man nie toegelaat word om 'n vrou te slaan nie, „nie eers met blomblare nie.”

Die hele bespreking het gegaan oor menslike regte en vryhede.

Middel Teen Kinkhoes

Britse skeikundiges het 'n nuwe middel teen kinkhoes uitgevind. Proefnemings met die stof — aerosporin — was tot dusver geslaagd.

Skadelike Uit-En Invoer Van Selfde Goed

Terwyl die Unie se produksie van ingemaakte vrugte baie groter is as die plaaslike verbruik en daarom in staat was om gedurende 1946 meer as 18 miljoen pond uit te voer, het die regering nietemin toegelaat dat Suid-Afrikaanse invoerders 2½ miljoen pond duur en onsmakliker ingemaakte vrugte, hoofsaaklik uit Kanada en Verenigde State, gedurende dieselfde tydperk invoer.

Aan Die O.B. is van ampsweë erken dat hierdie oor en weer invoerdery van goedere beslis nie rekening hou met die beginsels van 'n gesonde en beplande ekonomiese stelsel nie, maar daar is verduidelik dat dit nie die beleid van die regering is om sulke transaksies te beëindig nie omdat dit na „diktatoriale maatreëls” sal lyk. „Ons het nog nie so ver gevorder nie,” is verklaar.

Dit geld egter nie net ingemaakte vrugte nie, maar ook in-

gemaakte vleis. Terwyl ons meer as 133,000 pond ingemaakte vleis uitgevoer het, het ons in dieselfde tydperk byna 'n halfmiljoen pond blikkiesvleis ingevoer. Dieselfde geld in die geval van groente en vis.

BETER STELSEL

Staatsekonome het aan Die O.B. erken dat dit 'n stap vooruit sal wees as hierdie oor en weer in- en uitvoer van produkte uitgeskakel kan word deur die daarstelling van 'n beplande ekonomiese stelsel. Dit val egter vandag buite die terrein van die departement om oor sulke sake te beslis.

Hierdie soort praktyk waarmee die Unie van jaar tot jaar kennis maak, is 'n inherente deel van die individualistiese-kapitalistiese stelsel wat van die handel 'n klug maak.

Om die Suid-Afrikaanse ekonomie reg te ruk is nodig 'n oordeelkundige vooruit-beplande ekonomie wat rekening hou met langtermynbeleid sodat alle skadelike transaksies wat winsbejag ten koste van die land beoog, uitgeskakel sal wees.

Unie Koop Baie In V.S.A.

Suid-Afrika koop nou meer goedere van Amerika as gedurende enige tyd in die geskiedenis, terwyl die aankope van die V.S.A. in Suid-Afrika gedaal het.

Volgens syfers van die Amerikaanse regering het die Unie gedurende 1947 goedere ter waarde van £103,529,500 van Amerika ingevoer. In dieselfde jaar het die Unie ongeveer £27,898,500 se goedere aan Amerika verkoop. Gedurende 1946 was hierdie bedrag meer as £37,000,000.

PLUIMVEE

Die Beste Firma om u PLUIMVEE KIESE en ander PRODUKTE aan te stuur is:

C. M. ELOFF EN KIE.

(Edms.) Bpk

MOREMARK (Postbus 7185) Newton

BRUIN SWITSERSE BEESTE

TEN VOLLE GEREGETREERD.

Die WINTERBERG-STOET van Geregetreerde Bruin Switsers bied jong Bulle, 'n paar Verse en ou Koeie — almal geregetreer — te koop aan. Alle beeste is teen Galsiekte ingeënt.

Pryse op aanvraag. — Besigtiging verwelkom. Doen aansoek:

G. J. VAN DE VYVER, Drieshof, P/s. Adelaide.

BRILLE

Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.

GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.

GEHOORAPPARAAT

Die Voortrekker-Aptek

Kerklaan, KAAPSTAD.

Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.

Besoek ons of skryf om Besoedhede.

TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:

Huishoudelike Kennisgewings:

(Verloving, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensings, ens.) 1d per woord; minimum 8/- per plasing. Voortuitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Handelsadvertisensies:

Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Intekengeld op „Die O.B.“ (verskyn weekliks): 10/- per jaar of 5/- per 6 maande. Voortuitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld en bestellings na Posbus 28, Stellenbosch, en intekengeld na Posbus 1411, Kaapstad.

HUWELIK

CARR—DU TOIT. — Ons twee, Mienie du Toit en Hennie Carr, Frasersburg, maak aan familie en vriende (inne) bekend dat ons trou D.V. Maandag 15 Maart 1948 om 10.30 v.m. in die N.G. Kerk, Frasersburg. Telegramme: Marais-Kafee, Frasersburg. 3/3/1

Vir Partytjies, resepsies, dinees, probeer die Kaapstadse Afrikaanse-Koffiehuys (K.T.K.). Uit Wandelgang. Groot Kerkgebou. Lug heerlik verwarm en gesellig op koudste dag. Gerieflike, hoflike en doeltreffende diens.

IN MEMORIAM

PRINSLOO, Machteld Gertruida. — Op 1 Maart dink ons weer terug aan 1945, toe sy van ons weggeruk is deur die dood. Mammie se plek is leeg. „Want sy's my moeder, sy alleen.“ Ben en Esther. 3/3/1B

AFSKEID

Mr. en Mev. P. B. SWANEVELDER van die Strand, wat nou verhuis na hul plaas, Mickberg, P.K. Grunat, S.W.A., wil graag al hul O.B.-vriende langs hierdie weg tot siens toeroep. Dit was onmoontlik om almal persoonlik te groet. 3/3/1

KENNISGEWING

GROOT MIELE-VERGADERING. — Saterdag, 6 Maart, 10 uur v.m., in die Metro-Saal, Klerksdorp. — Alle Graan- en Olie-saad Boere! Rol u moue 'n slag af en kom op dat ons gesels oordele toekoms van ons produktepryse. Groot verliese bedreig u! Beantpries van Landbou Departement en Voedsel sal teenwoordig wees. Saamgroepe deur Klerksdorpse Mieliegroeiers Vereniging. Alle graanorganisasies in ander distrikte se samewerking word hiermee gevra. — A. L. TERBLANCHE, Voorzitter, en T. F. BREEDT, Sekretaris.

BOME, PLANTE EN SAAD

BESTE GESERTIFISEERDE GROENTESAAD. — Pryslis verkrygbaar. Beste al u benodigdhede K.B.A. van: PREMIERS, SCHOEMANSDOEK. 20/8/TK

BOOSBOOMPES, WINGERDSTOKKES, Ens. vir 1948-planttyd. Skryf om gratis pryslisy aan L.A. MOTTE-KWEKERY, P.K. LA MOTTE. 18/2/TK

UISAAD. — Vars en Goewermeng-gecertifiseerd. Australiese Bruin 6/- per lb. Vroeë Kaapse Plat 7/6 per lb. Silver King 8/- per lb. — KARROO SAAD VERSPREIDERS, Posbus 107, OUDTSHOORN. 18/2/7

VRUGTEBOME. — Rose vir Julie Augustus-planttyd 1947. Ons pulk voorrade verskeie tevredeheid, maar...die aanvraag is groot, bestel nou en voorkom teleurstelling. — HERHOLDT SE BOOMKWEKERY, Posbus 660, JOHANNESBURG. AA/26/3/TK

GEMENG

GRAFSTEENMAKERS. — Vir ge-waarsborgde tevredeheid tree in ver-binding met die S.A. GRAFSTEEN EN MONUMENTWERKE (EENS.) BPK. van Voortrekkerweg 360, Matland. (Onder persoonlike aandaag van ons Best.-Direkteur, mnr. Jannie Gille). Telephone—5-4420 en 5-02823.

SKOENREPARASIES. Ondersteun u mede-Afrikaner en wees verskeer val die beste diens by VOORTREKKER-SKOENHOSPITAAL, Langstraat 291, KAAPSTAD. Foon 30164. 4879/24

VAN'S CONCRETE PRODUCTS ALLERLEI. — Waterspoel-rioolstel-sels, vloerteëls en gepolitoerde ter-razzo-kombuisopwastafels en artikels essensieel vir gerief, higiëne en netheid. Volle besonderhede skrywe:—VAN'S CONCRETE PRODUCTS (EDMS.) BPK., Carlstraat 574, Pre-toria. 3/12/TK.

HORLOSIEMAKER

DESKUNDIGE HERSTELWERK aan Horlosies. Alle werk word ge-waarsborg en spoedige aflewering. — P. PRETO-RIUS, Keeromstraat 18, Kaapstad. (Voorheen Kerkstraat 69). Foon 2-5454

MEUBELS

MEUBELS. — Beter meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stoet-karretjies, driewiele, linoleums, tapyte ens. ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. — VISSER-MEUBELS, Langstraat 291, Kaapstad. 3/12/11.

MEUBELS. — Bespaar honderde ponde deur u meubels direk van die fabriek, k.m.b., te koop. Raadpleeg: NIEK NEETHLING, Hoofstraat 347, Foon 1253, Paarl. 19/11/TK.

MEUBELS.—Ons sal u huis of kantoor volledig Meubelleer teen billike maandelike paaimente. Spesiale kortings vir kontant bestellings. Skryf om ons volledige katalogus met prys-lis. Ook in voorraad: Draadlose, windlaars, linoleum-vierkante van 6 vt. breedte vir kombuis, aluminium-kastralle in stalle van 3, ens.—UNIKA MEUBELS (EDMS.) BPK., Victoriaaweg 171, Woodstock. 12/11/TK

RADIO

LOUW EN LOUW, die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, FAROW, verkoop en herstel Radios en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisistelsaannemers. Foon 9-8435.

Indiër-Leiers Tronktoe

Twee leiers van die Indiër-lydelike Versetbeweging, dr. Y. Dadoo en G. Naicker, is in die Durbanse magistratshof tot ses maande dwangarbeid ge-vonniss op 'n aanklag dat hulle Asiëte gehelp en aangehits het om die Transvaalse grens oor te steek. Hulle het skuld erken. Dadoo en Naicker is onderskeidelik voorsitter van die Transvaalse en Natalse Indiërkongres. Eersgenoemde is ook be-stuurslid van die Kommunistiese Party.

Middel Teen Seesiekte

Tydens die oorlog het die Amerikaanse leër voor die probleem gestaan dat wanneer hulle seesoldate aan wal moes sit om 'n brughooft op te stel aan die kus, baie van hulle buite aksie was as gevolg van seesiekte. 'n Middel om seesiekte te voorkom, moes uitgevind word. Hiervoor was dr. L. Barrow van die Amerikaanse leër verantwoordelik.

Hierdie middel is tans gepatenteer en sal in die toekoms algemeen aangewend kan word.

Vloek Minder

Werknemers by 'n Bloemfonteinse saak het 'n „vereniging van nie-vloekers“ gestig. Oortreders wat 'n harde woord tydens werksure besig, word met 'n pennie beboet. Hierdie geld word gebruik vir lekkernye.

Die werknemers in hierdie onderneming vloek deesdae baie minder as voorheen.

NEDERLANDERS VRA WERK OP PLASE

SOUT TE KOOP

BOERE-PAKKET. — Nege sakke wit vee- en 100 lb. fyn bottersout f2-10-0. Nege sakke sneeuwit en 100 lb. fyn bottersout f2-13-6. Vry gelaai soutwerke. Bestel: KOMDTE. MEV. MARIE VENTER, P/a No. 4, Arbeidsloon, BLOEMFONTEIN. 21/5/TK

VRIENDE ek vra u ondersteuning. Bestel van my mooi sout, in goeie graansakke: A.1. 59/-; No. 1. 54/-; No. 2. 48/-, per ton. Onmiddellike versending, tevredeheid gewaarborg. — S. J. DE BEER, Soutwerk, Pk. Florisbad. 14/1/TK

TE KOOP AANGEBIED

BRANDHOUT. — Wattle, 9 duim gesaag, 14/- per ton, spoor Molliassim-sylyn, oor Greyton. Pryse vir pale, droppers, ens., op aansoek. — HENNIE MENTZ, Privaatsak, Greyton, Natal. 28/1/TK

APPELS. — Eerstegraad Ohenimuri teen 20/- per boeselske. 30/50 enkellaag plakkissies teen 5/-. Doelende teen 12/6 per boeselske. Kontant of K.B.A. v.o.s. Bethlehem. Ander soorte later. Ge-waarsborg vry van appel-mot. — J. H. COETZEE, Woltemade, BETHLEHEM. Telefoon No. 1803. 25/2/3

LUSERN te KOOP. — Nuwe seisoense Eerstegraad lusern teen 5/9, goeie tweede graad 5/3 per 100 lb. K.M.B. V.O.S. Kirkwood. — J. H. STIEMIE, Bus 46, Kirkwood, K.P. Foon 413. Telegramme: Stiemie.

SPELSKEIE EN SWINGELS. — Speelskeie gemaak van die beste natuur-hout, goed ge-olte teen barste. Bottelvormig en dwars teen 4/- per paar. Ander tipes teen 5/- per paar. Swingsels kompleet. Donkies teen 5/6; Mull teen 6/6 per stel gelewer Serpentine. K.M.B. — P. J. GERBER, Hoekwil, GEORGE. 11/2/TK

SPELSKEIE. — Bottelvormig teen 3/9 per paar. Kopskele 4/6. Agtkantige 5/- per paar onderskeidelik. Donkieswingels teen 5/- en mullswingels 5/6 een trek. K.M.B. — KOOS BOTHA, P.S. Serpentine, George. 3/3/9

Beskuldigings Teen Pers In Volksraad

Die regering het geweer om toe te laat dat 'n gekose komitee aangestel word om die toestande binne die Suid-Afrikaanse pers te ondersoek. Die voorstel is deur dr. B. Friedman, V.P.-lid vir Hillbrow, in die Volksraad verlede week, gedoen.

Sy voorstel het versoek dat ondersoek ingestel word of die tegniese en finansiële beheer oor die pers verhoed dat daar 'n vrye voorstelling van nuus is, of die voorwaardes waaronder redaksionele werk van so 'n aard is dat die lesende publiek van genoegsame joernalistieke talent verseker is en of daar enige beperking op eerlike nuus is van-weë sensorering en ander maat-reëls.

Die voorsteller het gewys op die persmonopolie in Suid-Afrika wat baie sterker is as in Brit-tanje en dat hulle nie goedge-sind is teenoor nuwelinge nie.

Hy het voort gewys na die Argus-groep waarvan die direkteure almal ook direkteure, of alternatiewe direkteure van mynmaatskappye is. In Suid-Afrika word die koerantwese ge-domineer deur die Argusgroep wat agt koerante besit, het hy gesê.

In die Suid-Afrikaanse Pers-assosiasie (Sapa) het die Argus-groep op grond van aandeelkapi-

taal 8,440 stemme. Dit beteken dat sonder die verlot van die Argus-groep geen koerant Sapa-nuus kan kry nie.

Spr. het ook verwys na die monopolie in die drukkersbedryf waar drukkers nie in diens ge-neem mag word tensy hulle lid is van die Tipografiese Vakbond nie en niemand 'n drukker kan begin tensy hy verlot het van die Vereniging van Drukkers-base nie. Oor die verspreiding van nuusblaaie is daar feitlik ook 'n monopolie, het dr. Fried-man verklaar.

Meeste dagblaie het met groot gebaar hul hande in die openbaarskoongewas van die aanklagte. Ons neem aan dat by hierdie skuldontkennings daar nie aan die Ossewabrandwag ge-dink is nie, van wie sommige koerante selfs nie eens betaalde advertensies plaas nie.

In 'n land waar elke party sy eie pers het, sal geen party seker ook 'n ondersoek na die vryheid van die pers gaan toelaat nie.

SOUTPANSBERGSE EEUFES TE SCHOEMANSDAL

Die voorbereidings in verband met die Eeufes op 6, 7 en 8 Julie te Schoemansdal, digby Louis Trichardt, vorder fluks.

'n Pragtige feesbrochure, saam-gestel deur mnr. H. J. de Jager en P. de Vaal, het reeds die lig gesien en is verkrygbaar, op aanvraag, by die Sekretaris, Posbus 170, Louis Trichardt.

Die volgende persone sal as sprekers optree: Prof. J. C.

van Rooy, dr. E. G. Jansen, dr. W. du P. Erlank. Kerkdienste word gelei deur ds. D. N. Kotze, dr. T. Dreyer en dr. Wm. Nicol.

Reëlings is met die Spoorweg-administrasie getref en 'n spe-siale trein vertrek op Maandag 5 Julie, om 5 nm. vanaf Pre-to-ria en sal op Schoemansdal ar-riveer op Dinsdagoggend, 6 Julie. Voornemende feesgangers word gevra om hul plekke betyds op die spesiale trein te bespreek. Feesgangers wat per trein kom, word ook vriendelik gevra om die Sekretaris so spoedig moont-lik te laat weet, sodat verdere reëlings getref kan word.

Die S.A.U.K. het goedgunstig-lik ingewillig om die feesver-rigtings uit te saai.

Ook sal tydens die duur van die feesverrigtings 'n poskan-toor te Schoemansdal opgerig word.

Paartjies wat op Schoemans-dal tydens die feesviering in die huwelik wil tree en ouers wat kinders wil doop, word versoek om met die Sekretaris in ver-binding te tree. Reëlings word vir sodanige plegtighede getref.

Staanplekke teen 5/- en ge-rieflike „Seilkamers“ teen f1-10-0 per seilkamer kan by die Sekre-taris, Posbus 170, Louis Tri-chardt bespreek word.

Duitsers Kan Gedeporteer Word

Die aansoeke van agt Duitse oudgeïnterneerdes om bevel wat sal belet dat die Unie-Re-gering hulle na Duitsland de-porteer, is verlede week deur die Kaapse Hooggeregshof van die hand gewys. Volgens hierdie bevel sal hulle nou gedeporteer word. 'n Dergelike uitspraak is deur die Natalse hof gedoen. Die sake het gedien as toets-sake.

Boerejeug

(Vervolg van bladsy 7, kolom 5)

Voorregte Op Boereplaas

TREK NA DIE STEDE

Weens die allergrootste on-kunde van toestande waarin die stadsbewoner sy eentonige lewe voortsleep, en weens die aan-loklikheid van geldbesit, laat menige boereuseun en -dogter hulle verlei om stad-toe te ver-huis. Daar is die laaste jare 'n ontstellende stroom weg van die plaas en stad-toe opgemerk. Die plase word gaandeweg ontvolk en die stede word oorbevolk. Bande wat geslagte geneem het om vas te lê, word in 'n onbe-sonne, lughartige besluit onher-stelbaar verbreek. Van die ou plaas en sy bewoners word af-skeid geneem en vanaf die naaste spoorwegstasie word die reis aanvaar na die stad.

Die bande wat verbreek word is nie net dié van plaas en bloedverwante nie. Onskatbare eienskappe, soos godsdienssin, volkstrots, taal, volkstradisie, eerbaarheid, word in baie geval-le ondermyn en uitgewis, en in die plek daarvan word aange-keek minagting van alles wat volkseie is. Kerkloosheid vier hoogty en met brassery in die geselskap van die oorsese vreem-deling, word die nagrus en se-delike welsyn opgeoffer.

PASOP!

In die boerejeug van die plaas lê die kern en toekoms van die Boerevolk opgesluit. Daar is natuurlik uitstaande uitsonde-rings waarvoor ons die Here dank verskuldig is, maar erken moet word dat die jeug van die plaas al te dikwels nie sterk genoeg is om aan die versoe-kings wat op elke hoek van die straat aangetref word, weer-stand te bied nie.

My waarskuwing aan die Boerejeug van die Ossewabrand-wag is om, as die tyd daarvoor aanbreek en julle 'n keuse moet doen, om tog nie blindelings en onbedagsaam te handel nie. Waardeer die baie voorregte wat julle besit in die plaaslewe. Die spreekwoord sê: „Dis nie alles goud wat blink nie,“ en wees verder daarvan oortuig dat geldbesit nooit die verlies van 'n rein, sedelike lewe kan ver-goed nie. Meer as een jonge man en jonge dogter, wat oor-spronklik van die boereplaas ge-kom het en die plaaslewe net so ken soos julle, kan nie meer na die ou tuisde terugkeer nie, omrede die kennis van die toe-stand waarin hulle vandag ver-keer die hart van vader en moe-der sou breek.

* * *

Let Wel: Ons ontvang graag bydraes van groot O.B.-offisiere vir die Boerejeug-bladsy — na-tuurlik ook van lede wat iets op die hart het. As u dus 'n boodskap vir die jeug het, stuur dit dan aan mej. L. Roos, De Klerkhuis, P.U.K. vir C.H.O., Potchefstroom. — RED.

V.S.A. Bang Vir Sy Olie

Die Arabiese Bond het Ame-rika gedreig dat indien hy voort-gaan om die verdeling van Pa-lestina af te dwing, hy die olie-vergunnings aan Amerika in die Midde-Ooste sal terugtrek. In-dien die Arabiere hierdie dreigement uitvoer sal dit 'n ge-voelige slag vir Amerika wees. Hy kan nie bekostig om hierdie olie-regte in die Midde-Ooste te verloor nie, en die onbesliste houding wat Amerika in die laaste paar weke begin inneem het oor die toepassing van die verdeling, word aan hierdie dreigement gekoppel.

Boere Jeug

AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT „DIE O.B.” VAN WOENSDAG, 3 MAART 1948

Die Agtergrond Van Slagtersnek (9 MAART 1816)

Sedert ons kinderdae het ons al baie van hierdie voorval gehoor, en dit het al as 't ware 'n legende geword. Die juiste geskiedkundige feite wil ons egter graag weer hier gee aangesien dit van groot betekenis in ons volksgeskiedenis is en baie verreikende gevolge gehad het.

Die insident wat tot die opstand gelei het, het sy oorsprong gehad in 'n klein gebeurtenis. Booi, die kleurlingbediende van 'n boer, Frederik Cornelius Bezuidenhout, wat in die vallei van Baviaansrivier woonagtig was, het sy baas by die landdros te Graaff-Reinet gaan aankla dat hy hom sleg behandel het. Bezuidenhout was 'n man van opvliënde karakter en omtrent 43 jaar oud. Volgens sy verklaring het Booi sy pligte nagelaat deur skape te laat wegraak en nog meer nagelate pligte; om dié redes het hy hom toe gestraf. Na die toekenning van die straf het Booi weggeloop en by die landdros gaan kla dat Bezuidenhout weens skuld nie sy besittings en eiendom aan hom wou afstaan nie.

Volgens die Hottentotte proklamasie van 1809 is die Hottentotte nie net verplig om passe te dra nie, maar is ook in sekere opsigte beskerm, o.a. mag 'n boer nie eiendom weerhou a.g.v. skuld nie. Soos te wagte, het die landdros, Stockenström, nou 'n brief aan Bezuidenhout geskryf om 'n verklaring te gaan aflê. Bezuidenhout het die skrywe in 'n uiters gemoeidelike toon opgeneem en in sy antwoord aan die landdros verduidelik hy wat werklik gebeur het.

BOOI LOOP WEER WEG

Hierna het Booi weer tot sy dienste by Bezuidenhout teruggekeer. Na twee maande egter, het Booi weer sy dienste verlaat en sy baas gaan aankla, maar sake is weer in der minne geskik, en Booi bevind hom weer in diens by sy baas.

Nadat Booi hom vir die derde maal verhuur het, loop hy weer weg en gaan kla nou by die landdros dat Bezuidenhout gedreig het om hom te slaan. In 'n antwoord op landdros Stockenström se brief, skryf Bezuidenhout dat hy nie weer vir Booi wil terug hê nie.

So het sake gestaan toe Booi in 1813 by die Hottentot brigade (Cape Corps) aangesluit het. 'n Mens sou verwag dat sake alles weer in der minne geskik sou wees teen hierdie tyd, maar intendeel, sake het 'n ander verloop geneem.

BEVELE VERONTAGSAAM

In 1814 kom Booi weer by die landdros kla dat Bezuidenhout nog sy besittings het. Stockenström gee daarop aan die veldkornet, ene Opperman, die bevel af om na Bezuidenhout te gaan en Booi se goed te gaan haal. Opperman was blykbaar glad nie lus om dit te doen nie, en skryf 'n brief aan Bezuidenhout wat hy saam met Booi stuur. Soos te verwag, het Bezuidenhout Booi hierdie keer weer 'n goeie loesing gegee, waarop Booi reageer het om hom weer te gaan aankla.

Nadat Bezuidenhout geweier het om voor die rondgaande hof te verskyn, is hy in absentia tot 'n maand tronkstraf gevonnies. Dit blyk egter dat hy hom nie sonder verset sou oorgee nie, en die baljoe word dus gelas om hom met 'n gewapende mag te gaan haal. Die landdros het Londt eers na veldkornet Olivier gestuur om hom te help, maar nadat laasgenoemde geweier het om te gaan, aangesien dit buite sy wyk geval het, het Londt na die militêre garnisoen se kaptein, ene Andrews, gegaan, wat luitenant Frans Rousseau, konstabel McKay, en 16 Hottentot-soldate afgestaan het.

BEZUIDENHOUT GEDOOD

Op die môre van die 16e Oktober, 1815, het Bezuidenhout die garnisoen sien aankom en hom gaan skuilhou agter 'n paar rotse. Nadat daar van beide kante skote gevuur is, het Bezuidenhout gevlug na 'n grot waar hy 'n rukkie later deur 'n Hottentot doodgeskiet is.

Die volgende dag, nl. 17e, is Frederik Bezuidenhout ter aarde bestel, en by hierdie geleentheid het die broer van die oordelene, Johannes, verklaar in die gloed van sy smart dat hy nooit sou rus voordat die Hottentot-Korps van die Oostelike grens verdryf was nie. Maar na verloop van 'n tydjie het dit geskyn asof Johannes nie tot so 'n stap wou oorgaan nie. Toe ontmoet hy egter vir Hendrik Prinsloo wat opnuut weer die viamme van haat en wraak aangeblaas het, en hierdie insident tree nou in 'n nuwe fase in.

(Slot volg)

NUUS VAN VELDKORNETSKAPPE 'n Kewerspel

Onlangs het ons u sterk aangeraai om sommige reëlings en voorbereidings vir byeenkomste aan die jeug self oor te laat. Dit kan b.v. gedoen word deur die weeklikse samekomste aan verskillende lede se huise te hou, en dan die betrokke lid verantwoordelik te maak vir die middag.

Ons is bly om te verneem dat offisiere hierdie metode al probeer het en kan getuig van die sukses wat daarmee gepaard gegaan het. So het een afdeling bv. onlangs die Vrydagmiddag deurgebring met 'n kewerspel aan die huis van 'n seun. Tafels en stoele was daar natuurlik nie genoeg nie, maar die dertigtal jong spelers het die vloer van die sitkamer en portaal vol gesit, en met spanning die lyf, kop, pootjies, voelers, ens. van die kewertjie geteken, totdat, op die uitroep „KEWER!” almal die rondte moet staak.

Gedurende 'n kort pouse is koeldranke verskaf en hiervoor kon die lede vrywillige donasies van 1d., 3d., ens., gee. So is dan terselfdertyd 5/- ingesamel deur die betrokke seun vir sy 8 Aug.-fonds.

HOE SPEEL 'N MENS KEWER

Ter wille van diegene wat ook graag so 'n kewerspel wil organiseer, gee ons hier 'n paar besonderhede:

Sorg voor die tyd dat u genoeg dobbelsteentjies en eierkiesies (een vir elke vier spelers) het. Kry ook vir elkeen 'n potlood en 'n skoon vel papier of karton wat opgedeel is in blokke van plus-minus 1½ duim vierkant. As die spel begin, sit almal in groepe van vier — die pare wat regoor mekaar sit is maats vir die rondte. Wanneer die teken gegee word, begin hul die dobbelsteentjies gooi.

Voordat iets aangeteken kan word, moet 'n ses gegooi word, en sodra een van die twee maats 'n ses gooi, mag albei die lyf van die kewer teken. As hulle nou 'n vyf gooi, word die kop aangesit, vir 'n drie die een voeler, vir 'n vier 'n oog, vir 'n een die stert, en vir elke twee 'n pootjie, maar voordat hulle die kop het, mag die oë en voelers nie geteken word nie; en is die vier of die drie dus verlore. Wel mag die pootjies en stert aangesit word voor die kop nog daar is.

Sodra iemand 'n volledige kewer het, skree hy „KEWER!” en moet almal ophou en hul punte tel — 'n punt vir elke lyfdeel, en dus 'n totaal van 13 (een lyf, een kop, een stert, twee voelers, twee oë, en ses pootjies).

Nou skuif die pare wat gewen het, in siklus om na die volgende tafel waar hulle van maats verwissel, en op die teken begin almal weer in die tweede blokkie met die kewer.

Wanneer dit tyd is om huis toe te gaan, tel elkeen al sy punte bymekaar, en aan die wenner kan 'n prysie toegeken word.

Ervarings uit die Stryd:

KAMP - TOE

Na drie maande se „aanhouding vir ondervraging” in die tronk, is ek een Saterdag ingeroep na die Tronkhoof en meegedeel dat ek so gou as wat dit hulle pas, na die kamp op Koffiefontein gestuur sou word. Die middag het hulle my vrou toegelaat om my te kom groet, en het ons mekaar vir die laaste keer in daardie aaklige tronkbesoekkamer gesien. Dis 'n klein kamertjie waarin daar twee draad-

Wanneer 'n mens geïnterneer word, verskaf die owerheid al die kleren wat in die kamp gedra word — „Ouma se kleren” het ons dit genoem. Dit het bestaan uit twee paar velskoene (waartoe gewoontlik baie gou stukke gesny is om lyfbande te maak) twee blou broeke, twee blou hemde, onderklere, kouse, jas, en hoed. Ook is ons voorsien van bed en beddegoed. Die hutte waarin ons gewoon het was van sink met konkreet-vloere, en het plek gebied vir sestieman.

Deur Krisjan

skeldings aangebring is, en word deur al die tronkbewoners, swart of wit, gebruik. Daar is altyd 'n bewaarder by, sodat toesig gehou kan word oor wat gesê word — dalk laat mens iets val wat tot nut van die speurders kan wees! 'n Mens kan egter nie met mekaar in aanraking kom nie want elkeen staan agter sy kant van die draad.

Maandagmôre is ek vroeg aangesê dat ek klaar moes wees om te vertrek. Twee speurders het my kom haal en ons is weg trein-toe. Ek wou nog my vrou van die stasie opbel, maar dit was glo nie geoorloof nie. Tog was ek baie dankbaar dat ek uit die tronk is en op weg na die kamp, want nou voel ek weer of ek vry is.

Die middag kom ons ongeveer vyfuur in die kamp aan, en na heelwat gedraai en deursnuffel, word ek binnegelaat.

IN DIE KAMP

Baie bekendes kom my tegemoet en heet my welkom. Welkom? Ja, dit is 'n snaakse ding om welkom geheet te word in die kamp, en tog sou niemand jou ooit meedeel dat hy spyt is dat jy geïnterneer is nie! Met 'n welkom het ek dus ook burger van Koffiefontein geword. Dit was Maandag, 10 Augustus 1942.

Op versoek van die huisbewoners, het dr. Trumpelmann, die kampeier, my in huis 54 geplaas. Hier was 'n hele paar ou bekendes gehuisves. Die eerste aand is vir elke nuwe inwoner sy bed opgemaak. Toe ek daarteen beswaar maak, is aan my meegedeel dat ek nie my daarvoor moes ontstel nie aangesien dit die eerste en die laaste maal sou wees. Dit was ook!

LIGGING VAN DIE KAMP

Die kamp was aan die suidekant van die dorp geleë, agter die hoop van die ou diamantmyn van Koffiefontein. Ons kon net die boonste gedeelte van die vlagpaal by die dorp se polisie-kantoor sien. Noord van ons, in die ou kaffer-kamp van die myn, was die Italiaanse kamp (ons kamp was op die ashoop daarvan opgestaan). Die Duitse en Joodse kamp was aan die oostekant, en suid het 'n diep watervoor geloop. Die spoorwegstasie was nie ver nie, en ons kon altyd die trein (wat twee of driemaal per week geloop het) hoor as dit aankom en 'n spesiale lang fluit gee wanneer daar weer nuwe inwoners aan die kom was.

Die verskillende kampe is van mekaar geskei deur twee rye doringdrade met 'n gang tussenin waarin die wagte op en af gepatroleer het. Hekke, wat swaar met doringdraad versterk is, het ingang tot die kamp verleen. Om by ons te kom, moet 'n mens deur twee stelle hekke en verby die hospitaal loop. Die hospitaal is bestuurd deur Italianers maar ook van ons siekes is daarin opgeneem.

Daar was etlike van ons hutte wat koeëlgate deur hulle gehad het, en een van die eerste dinge wat nuwelinge moes aanhoor was dan ook altyd hoedat daar van buite deur die wagte op die rustige en vreedsame inwoners gevuur word. Dan het 'n mens maar benoud rondgekyk waarheen jy nou eintlik in hierdie eng kamp (wat slegs 770 tree in omtrek was) kon vlug! Dit het ook werklik by tye gebeur dat die wagte ons wild en wakker geskiet het, maar hiervan later.

(Word vervolg)

VOORREGTE VAN LEWE OP 'N BOEREPLAAS

(Praatjie van hoofkommandant Blom van Zwartuggens aan die Boerejeug)

Die naam van „boer” waarmee die Afrikaanssprekende deel van die bevolking van Suid-Afrika aangedui word, het sy oorsprong in die feit dat ons voorouers vir honderde van jare lank hulle lewe op die boereplaas deurgebring het. Op die plaas is hulle gebore, het hulle opgegroeë, en is in die meeste gevalle ook daar begrawe. Uit die grond en van veeteelt maak die boer sy bestaan en onderhou hy sy familie, en in die loop van jare ontwikkel in hom so 'n hartstogtelike liefde vir sy plaas dat hy ook geen ander begeerte koester as om sy lewe daar te slyt en te beëindig nie. Hierdie liefde van die ouer vir die geboortegrond, word oorgeplant op die nageslag en soos vader en moeder geheg was aan hulle aardse tuiste, so ook hulle kroos.

In vergelyking met die stedelinge, is die boerefamilie fors en sterk gebou en maak maar

min gebruik van die geneesheer. Die rede hiervoor vind ons in die suiwer buitelig wat die plaasmense geniet, water wat vars uit die skoot van moeder aarde kom, en plaasprodukte wat skoon en vars vir die daaglikse behoeftes voorberei word. Waarlik, die plaaskind geniet 'n weelde wat moontlik nie ten volle waardeur word nie.

'n Tipiese stedeling sal altyd tussen plaasmure kan uitgeken word, want by hom ontbreek die gesonde gelaatskleur, sterke liggaamsbou en fiere houding.

Hoewel dikwels blootgestel aan die woede van die elemente, leef die boerefamilie naby die wondere van God se skepping soos o.a. geopenbaar in die groei en bloei van dier en plant. Met die wondere van die lewende natuur om hulle heen, word die hart op natuurlike wyse vatbaar gemaak en voorberei om Hom te aanbid, wat die Skepper is van selfs die nietigste plantjie.

(Vervolg op bladsy 6, kolom 5)

Verkiesing Om Die Draai

Politieke waarnemers meen dat die algemene verkiesing, waarvan die regering die datum tot dusver geheim hou, sommer om die draai is. Daar word o.m. gedink aan 2 Junie.

Die Suiderstem, 'n regeringsblad wat die nouste in voeling verkeer met die regering, verklaar: „Die aanstaande algemene verkiesing sal waarskynlik aan-

sienlik vroeër gehou word as wat oorspronklik verwag is omdat dit nou blyk dat vinniger vordering gemaak kan word met die voorbereiding van die nuwe kieserslyste.”

Gemeen word dat dit 'n waarskuwing aan die V.P.-lede is om gereed te wees, aangesien die datum baie vroeër sal wees as aanvanklik verwag is.

'n Held Gehuldig Op Koppies: Wyle Genl. Conroy

Die Majubafees van die Ossewabrandwag en die huldigingsfees vir wyle genl. A. E. Conroy wat op 20 deser op Koppies onder beskerming van die O.B. en die Afrikanerparty gehou is, was 'n klinkende sukses. Meer as 300 mense het die verrigtinge die middag en die aand bygewoon. 'n Besondere goeie gees van hartlikheid en samewerking is dwarsdeur die dag gehandhaaf.

Van vroeg reeds die oggend het mense begin aanloop by die kerkzaal om te nuttig van die heerlike geregte wat deur die flukse klompie dames voorberei is. Oor die £50 is ingesamel met die verkoop van wors, pannekoek, en koffie. Wanneer die bedrae wat gekollekteer is bygereken word, sal die totale opbrengs vir die dag ver oor die £100 wees.

Om 3-uur die middag het die huldigingsfees begin. Op die verhoog was benewens die sprekers ook mev. Conroy en al die kinders. Nadat genl. J. W. Meyer met gebed geopen het, het mej. Wium die dodemars gespeel. Hierna het mnr. Jan Viljoen, oud-L.V., aan die woord gekom en 'n kort oorsig van die lewensgeskiedenis van genl. Conroy gegee, asook persoonlike indrukke wat hy as intieme vriend van die ontslape held gekry het. Hierna het 'n kwartet 'n gewyde lied gesing en het mev. Viljoen „Hou Koers” van Jan Cilliers voorgedra.

K.G. SE HULDE

Die K.G., dr. Hans van Rensburg, het nou aan die woord gekom en gesê: „Ons huldig nie vandag genl. Conroy omdat hy die parlamentslid van Koppies was nie, ons huldig hom omdat hy 'n HELD was vir wie vriend en vyand respek gehad het.” Die K.G. het verder gesê dat wyle genl. Conroy een van die manne

,Publisiteit Stel Setels In Gevaar'

Tydens 'n debat oor die Suid-Afrikaanse pers verlede week in die parlement het mnr. A. G. Barlow met verwysing na die persverslae van volksraaddebatte gesê dat indien parlamentslede die publiek wil bereik, hulle van 'n uitsaaidiens gebruik kan maak. „Maar dan sal die gevolg dieselfde wees as in Nu-Seeland waar die stelsel ingevoer is en die helfte van die lede hul setels verloor het.”

ALLES TEVERGEEFS SÊ GENL. SMUTS

Die Eerste Minister, genl. J. C. Smuts, het verlede week in die parlement erken dat hy bedroë uitgekom het met die oogmerk waarvoor hy Suid-Afrika in die oorlog teen Duitsland gedompel het.

Genl. Smuts het verwys na die kwessie van vredesverdrae. Met Duitsland kan nog geen vrede gesluit word nie omdat daar geen regering is nie. Daarenteen is vredesverdrae met Roemenië en Bulgarye gesluit hoewel hulle tans binne die Russiese Ryk val.

„Daar bestaan 'n toestand waarteen ons magteloos staan,” het genl. Smuts in dié verband

was wat leiding gegee het in 1914 met die rebellie. Ook in 1946 het hy die wiel aan die rol gesit wat gelei het tot samewerking tussen die O.B. en die A.P. in 'n tyd van versekering toe nie een van die Afrikanergroepe met mekaar kontak kon vind nie.

Nadat mev. Conroy en dr. Conroy namens die familie dank betuig het, is die vergadering uiteen met die sing van „Prys die Heer.”

Die aand by geleentheid van die Majubafees was die kerkzaal stampvol mense. By hier-

Koue Oorlog



Drie eilande in die Suid-pool-gebied waar Chili Engeland se aansprake tans betwis. Die middelste van die drie is Greenwich-eiland, waar 'n Chileense leërbaas so pas aangelê is. Brittanje beskou dit as sy eiland.



Hoofkomdt. Vale Ferreira

die geleentheid het hfkomdt. Vale Ferreira en mnr. Jan Viljoen, oud-L.V., as sprekers opgetree. Aan die begin van die verrigtinge het kommandante A. C. de Wet namens die O.B.-kommando's van Koppies aan komdt. Ferreira 'n adres oorhandig wat hy namens homself en al sy kamerade wat saam met hom in die tronk was en nog is ontvang het.

STALIN VEROWER NOG 'N VESTING

Tsjeggo-Slowakye, die enigste nie-Kommunistiese land ten ooste van die Sowjet-beheerde Duitsland, het ten prooi geval van die Kommunisme as gevolg van 'n gewetenlose staatsgreep wat onder Russiese leiding plaasgevind het nadat die Kommuniste 'n kunsmatige krisis in die land geskep het.

'n „Ingrypende en meedoënlose” suiweringsveldtog wat deur die nuwe Kommunistiese regering onder aanvoering van Klement Gottwald gelas is, is reeds in alle staatsdepartementen, buitelandse gesantskappe en alle vertakings van die openbare lewe aan die gang. Honderde nie-Kommunistiese staatsamptenare is reeds in die pad gestee. Sommige het daarin geslaag om uit die land te vlug.

Inmiddels het die Kommuniste 'n ystergordyn gelas en geen buitelandse joernalis word toegelaat om nuus aan die buitewêreld te verstrek nie. Ander joernaliste en redakteurs van koerante wat die staatsgreep nie goedgesind is nie, is ook in die pad gestee.

„PRESIDENT”

Die staatsgreep het plaasge-

vind nadat 'n aantal nie-Kommunistiese ministers gedwing is om uit die regering te bedank. Die Kommunistiese premier, Gottwald, het daarop 'n nuwe kabinet saamgestel, wat op twee na almal Kommuniste is. Die vakbonde, wat ook deur die Kommuniste beheer word, het gedreig om te staak as president Benesj nie die regering erken nie. Laasgenoemde is nou Stalin se pop vir tyd en wyl.

Intussen het Amerika, Brittanje en Frankryk 'n gesamentlike verklaring uitgereik waarin die nuwe regering van Tsjeggo-Slowakye verwerp is as 'n diktatuur van een-party onder die dekmantel van 'n nasionale regering.

Die Kommuniste het by die jongste verkiesing 114 lede in die verteenwoordigende liggaam, wat uit 300 lede bestaan, gekry.

Kommuniste Aan Die Werk

'n Bewering dat die Kommuniste ook poog om 'n vat te kry op die vakbond van die Kaapstadse buswerkers, is gedoen deur die sekretaris van die vakbond, mnr. M. C. Hoffmann. Hy het verwys na die poging van 'n klein minderheid om die vakbond te verdeel en so mag in die hande te kry.

A.V.B.O.B.

Lykbesorgers, Grafsteenmakers
Begrafnisversekeraars

Bloemfontein — Pretoria
154 Takke

Te Laat vir Klassifikasie.

TE KOOP AANGEBIED.

KAMPMAATS! — Aandag! — „Die Swarthand” bied aan: hooggeteelde dagoud Australorp-kuikens, £6/7/6 per 100. Mei tot Oktober-aflewering. Bevrediging gewaarborg. SAREL PRETORIUS, Rosarun, Pos Bloemfontein. 3/3/48

EUROPA VEILIGER MET FRANCO IN SPANJE SÊ V.S.A.

Nieteenstaande genl. Franco so ongewild is by die demokratiese regerings, is Amerika tog nie bereid om hulp te verleen aan groepe wat probeer om van Franco ontslae te raak nie omdat hierdie groepe nie in staat is om 'n waarborg soos Franco te gee dat die kommunisme nie weer sy kop in Spanje sal uitsteek nie.

Die Spaanse Sosialistiese leier, Trifon Comez, wat saam met die popperegierung in Parys vertoef, was onlangs na Amerika waar hy met die regering onderhandel het om van Franco ontslae te raak. Hy het voorgestel dat Amerika help om 'n koalisie-regering van alle groepe in Spanje, behalwe die Kommuniste, saam te stel sodat Franco in die pad gestee kan word.


Die Amerikaanse regering het sy bereidwilligheid om van Franco ontslae te raak, op onduideliksinige wyse te kenne gegee, maar Comez moes onverrigtersake terugkeer omdat hy

geen waarborg kon gee dat die Kommuniste nie met geweld die regering sal oorneem nie.

LIEWER FRANCO

„Ons sal bereid wees om hulp te verleen aan 'n koalisie-regering wat ons die versekering kan gee dat die Kommunistiese Party nie deur geweld aan bewind van sake sal kom nie, en dat hulle ook nie sal inmeng met die normale funksies van die regering nie. Sonder hierdie waarborg kan ons nie help nie.

„Soos toestande vandag in Europa is, kan ons nie reken op 'n onvoorwaardelike bondgenoot op die vasteland as die



Genl. Franco — word nuttiger

kruit aan die brand slaan nie. Kan ons Franco aanvaar? Sekerlik nie. Maar as daar in Spanje nie 'n bewind is wat ons soortgelyke waarborge kan gee nie, moet u verstaan dat u te veel vra as u ons met niks laat nie”, aldus die Amerikaanse verklaring.

„Die O.B.” word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.